Sondag 14 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-5

Fokusgedeelte: Romeine 9:1-5 (AFR33/53/AFR83)

## God se genade dring my om hierdie genade vir vervloektes toe te wens

Paulus skryf van sy "groot droefheid en voortdurende hartseer". Ons fokusgedeelte vorm 'n teenstelling met die gedeelte wat dit direk voorafgaan. Daar, in Romeine 8, word heerlike sekerhede uitgespel waarin gelowiges hulle moet verbly. Die einde van hoofstuk 8 jubel dit uit dat absoluut niks ons van die liefde van God kan skei nie.

Iemand sou die beswaar kon inbring: Maar hoe kan ons weet dat dit werklik so is, dat hierdie belofte van Romeine 8 waar is, as daar dan 'n gedeelte van die Ou-Testamentiese volk Israel verlore gaan, omdat hulle die Messias verwerp? Hulle het tog ook beloftes van God gehad waaraan hulle vasgehou het. Die antwoord op hierdie besware word in hoofstuk 9 tot 11 gegee. 'n Kardinale deel van die antwoord is die soewereiniteit van God en die leer van die uitverkiesing. Die droefheid van Paulus oor sy volksgenote wat verlore gaan, lei 'n gedeelte in waarin kernwaarhede oor die leer van die uitverkiesing geleer word. Jy kan dus nie die leer van die uitverkiesing gebruik as 'n verskoning om nie om te gee vir hulle wat verlore gaan nie. Jy kan nie sê: "Wel, God het hulle wat verlore gaan, nie uitgekies nie. Wat met hulle moet gebeur, sal gebeur en daarom staan ek afsydig teenoor hulle en sluit ek my hart vir hulle toe." Die leer van die uitverkiesing is geen verskoning om nie om te gee nie. Paulus het die leer verstaan en aanvaar. Ons het sy geïnspireerde verduideliking in hierdie hoofstukke. En tog het hy groot droefheid en hartseer vir sy volksgenote wat verlore gaan.

As jy werklik die leer van die uitverkiesing aanvaar, maak dit jou bly (vgl. Luk. 10:21-22). Maar dan moet daar by jou ook hartseer wees oor hulle wat verlore gaan. Dan ontmoedig die leer jou nie, maar dit motiveer jou om die evangelie uit te dra.

*Sing: Psalm 40-1:2 ,3 , 4*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*